# Die WAPAD

STUDENTEBLAD van die P.U. vir C.H.O.

Deel VII. 24 Oktober, 1952. No. 10.


# GENADER DEUR NUSAS-INRIGTINGS VIR SAMEWERKING

## SR-Voorsitter twyfel of iets daarvan tereg sal kom

„Verskeie inrigtings wat met N.U.S.A.S. betrekkings het, en N.U.S.A.S. self het in die jongste tyd aangedring om samesprekings in verband met nouer samewerking, maar ek twyfel of daar iets van tereg sal kom", het mnr. Victor D'Assonville, P.U.-Studenteraadsvoorsitter aan ons verteenwoordiger verklaar.

„Ons is beslis geneë om saam te werk maar die verlede het ons getoon dat daar nie eers oor 'n basis van samewerking beslis kan word nie en daarmee was alle verdere kontak afgesny", het mnr. D'Assonville voortgegaan.

### Ons Standpunt.

As 'n Christelike inrigting wat op grond van ons beginsels akademiese en sosiale gelykstelling van die verskillende rasse op Suid-Afrikaanse bodem, afkeur, sien ons alleen kans om samesprekings te voer met blanke verteenwoordigers van blanke studente en nie-blanke verteenwoordigers van nie-blanke studente. Ons Studenteraad sal ook dienooreenkomstig hulle geneentheid tot samesprekings aan die N.U.S.A.S.-inrigtings stel, anders sien ons nie ons weg oop tot enige verdere kontak nie.

### Tukkies.

Volgens 'n brief wat van Kaapstad ontvang is, het Pretoria hulle ook reeds op hierdie standpunt gestel. Kaapstad betreur hierdie standpunt van Pretoria en beskou dit soos in die verlede as 'n inmenging in hulle huishoudelike sake.

**Soos van ouds hoor ons weer alreeds die woorde van Bremner, die destydse V.S.R. voorsitter van Wits: „We will never compromise".**

**„Dit is dan op grond van die verlede en die houding wat Kaapstad nou weer teenoor Pretoria ingeslaan het, dat ons twyfel of daar iets van die samesprekings tereg sal kom" het Mnr. D'Assonville besluit.**

## *VICTOR*



**Mnr. V. E. D'Assonville, S.R.-voorsitter.**

## PERSOONLIK.

**Mnr. C. F. Schoeman** van die Departement Sielkunde, is vir een jaar na Nederland waar hy aan die Vrije Universiteit van Amsterdam sal studeer.

* * *

**Mnr. M. C. Roode** is aangestel as Professor in die praktiese afdeling van musiek.

* * * *

**Dr. H. L. Swanepoel** is bevorder tot Professor in die Regte vanaf 1953.

* * *

**Mnr. A. A. Bischoff** is bevorder tot Lektor in die Departement Geologie.

### Nuwe Dekane: 1953-1954.

**Die volgende persone is aangestel as Dekane in die onderskeie fakulteite:**

**Natuurwetenskappe: Prof. A. P. Goossens.**

**Teologie: Prof. P. J. S. de Klerk.**

**Ekonomiese Wetenskappe: Dr. B. van Deventer.**

### VIER S.R.-VOORSITTERS.



Hierdie foto is geneem op die onlangse dinee van die Studenteraad. V.l.n.r. is die persone mnre. V. E. D'Assonville, J. Ligthelm, B. Spoelstra, en W. de Klerk, onderskeidelik voorsitters vir 1953, 1952, 1951 en 1950.

# VERRASSINGS VIR VOLGENDE JAAR

**By die nadere beskouing van die openings- en sluitingsdatums aanstaande jaar, is daar veral twee dinge wat 'n mens se aandag trek. In die eerste plek is daar geen kort vakansie in die 2e semester nie, en in die tweede plek sluit die Universiteit nou voortaan op Donderdae!**

Die datums is soos volg vir die komende jaar:

**Heropen** Woensdag 25 Febr.
**Sluit vir kort vakansie,** Donderdag 26 Maart.
**Heropen** Woensdag, 8 April.
**Einde 1ste Semester,** Donderdag 25 Junie.
**Begin 2e Semester,** Woensdag 29 Julie.
**Sluit vir lang naweek,** Donderdag 24 September.
**Heropen na lang naweek,** Maandag 28 September.
**Einde 2e Semester,** Donderdag 3 Desember.

* * *

Die nuwe manskoshuis wat tans in aanbou is, sal bekend staan as die **Dawie du Plessis-Huis.**

Die koshuis word vernoem na Mnr. Danie du Plessis van Colesberg wat die grootste individuele skenking aan die Uitbreidingsfonds gedoen het.

* * *

Deur bemiddeling van Dr. Jan Steyn, L.V. vir Potchefstroom is meer as 3,000 morge grond deur die Departement van Lande aan die Universiteit geskenk.

Die grond is geleë in die distrik van Ventersdorp, maar is baie klipperig en daar is ook geen water nie.

# *GESELLIGHEIDSKOMITEE WORD OORSPRONKLIK*

**Die geselligheidskomitee het met iets nuuts vorendag gekom toe hulle op Saterdagaand 11 Oktober 'n geselligheid in die opelug op die grasperk langs die studentesaal gehou het.**

**Die dames het daarvoor gesorg dat die verhoog aantreklik versier was, en die tafels belaai met versnaperings.**

Styger en Salome het almal by die ingang-boog verwelkom, en Pottie het die rol van seremoniemeester vervul. Miskien omdat die byeenkoms informeel was, het daar 'n gesellige atmosfeer geheers.

Prof. Smit het die aanwesiges toegespreek oor verskillende aspekte van sport. Iets wat 'n mens kan onthou, was sy woorde oor die wengees by sportsoorte.

**„By manssport (soos rugby) is dit onvermydelik en nie so onvanpas nie, maar dit is vreemd aan die aard van die vrou en haar sportbeoefening.**

### MNR. DU TOIT.

Die ere-president van die voetbalklub, die registrateur, het weer sy onmisbare verskyning op die verhoog gemaak. In 'n opgewekte rede het hy die gaste telkens laat lag, en toe die eerste rugbyspan gevra om na vore te kom en die louere van hulle harde gespook te kom wegdra. Terwyl elkeen 'n slukkie sjampanje uit die Blaine gedrink het, het Prof. Goossens as afrigter kortliks die woord gevoer en weer die waarde van rugby-prestasies vir 'n universiteit beklemtoon:

„So belangrik dat die senaat my verlof gegee het van die senaatsvergaderings vir die brei van die eerstespan."

### NOG.

Ons wil die hoop uitspreek dat in die vervolg meer van ons geselllighede op hierdie lees geskoei sal word.

—:o:—

**Dr. W. N. Coetzee** is bevorder tot Professor in Latyn vanaf 1 Januarie 1953.

* * *

**Prof. D. J. Viljoen** sal die komende jaar afwesig wees met studieverlof.

# Ontevredenheid van Manskoshuisgangers uit Weg Geruim

**Vanweë etlike besware teen die wyse van dissiplinering en die opstelling van nuwe reëls het gevoelens die huidige kwartaal op een stadium hoog geloop onder die inwonende mansstudente van die P.U. se losieshuise.**

Op versoek is toe 'n koshuisvergadering belê en besluit om 'n memorandum op te stel en aan Prof. Dirk van Rooy voor te lê. Hierin is alle klagtes en besware saamgevat en aan die Huisvader voorgelê op 'n vergadering saam met hom.

### „ASEM WEGGESLAAN"

Na die aanhoor van die memorandum het Prof. Van Rooy verslae opgemerk: „Ek soek nog na my asem. Hy's skoon weggeslaan". Hierop het verskeie studente hulle gevoelens teenoor die Huisvader gelug en gemotiveer.

In sy repliek het die geagte Professor gesê dat hy die samewerking dusver besonder aangenaam gevind het tussen hom en die studente. Op elke beswaar het hy kommentaar gelewer dog dit op die hart gedruk dat nie hy nie, maar die losieshuiskomitee die reëls en regulasies opstel en dat hy slegs uitvoerder daarvan is. Hy het belowe om alle voorstelle simpatiek te ontvang i.v.m. verandering van sommige reëls en om sover moontlik tegemoetkomend te wees.


TOETS JOU OË by

M. SINGER

F.S.M.C., F.B.D.A. (Londen)

OOGARTS

by die

MOOIRIVIER APTEEK

KERKSTRAAT 155,

Foon 380 POTCHEFSTROOM.

KLERASIE

vir die huisgesin

Alles wat u nodig het teen die Laagste Pryse.

GROOT WAARDE!

KLEIN PRYSE!

Spesiale Behandeling vir Skoliere en Studente.

BLACK EN KIE, BPK.

AFRIKAANSE PERS-BOEKHANDEL

Kerkstraat, Potchefstroom

vir

STUDIEBOEKE EN SKRYFBENODIGDHEDE

Direkte verbinding met Oorsese Uitgewers.

"Steeds tot U Diens."

Foon 363. Bus 149.

INGRAM SE BOTTELSTOOR

INGEVOERDE

en

KOLONIALE

WYNSOORTE

en

SPIRITUALIEË

Drink en Geniet

S & S

Super Dilla

en

Super Orange

Sherr & Shakinovsky

AUTO LAAN

Foon 16

W. J. SPAVINS EN SEUN

VIR ALLE

Elektriese Benodigdhede

Draadlose, Koelkaste.

Kerkstraat 65,

POTCHEFSTROOM.

# Oordenking.

PSALM 20: 8.

**„Sommige roem op strydwaens en ander op perde, maar ons sal roem op die Naam van die Here onse God".**

Wanneer die volke rondom Israel 'n wapenskou hou, dan bring hulle daar bymekaar duisende strydwaens, toegerus met die beste ontwikkelinge op militêre gebied en perde wat die dapperste krygsmanne dra. Dan sien ons 'n indrukwekkende gesig. Agter die stofwolke dreun die wêreldmag in al sy glorie van blink versiersels wat die oë van die waens en perde is die versekering van hul voortbestaan. Dit is die versekering van hul onafhanklikheid, van hul selfstandigheid en van hul wêreld-prestige.

Met Israel is dit anders gesteld. Swak vergelyk hulle met hul vyande. Oorlog met die omliggende volke sal vir hulle miskien 'n nederlaag beteken; 'n prysgawe van hulle grond en hulle stede, van hulle selfstandigheid en onafhanklikheid.

Maar wanneer die Psalm-digter hierdie posisie in oënskou neem dan doen hy dit met die geloofsoog. Hy sien nou meer as die magte van Egipte, Babel en Syrië. Hy sien verder as die vreemde volke rondom Israel, verder as strydwaens en perde. Hy sien Israel, 'n ander volk—'n indrukwekkende gesig. Hy sein hoedat sy volk triomferend voor die sinkende Farao uitgetrek het, hoedat die mure van Jerigo geval het—hy sien wonderdade. Israel is sterker, hy het meer as strydwaens en perde. Israel het die Here.

„Maar ons sal roem op die Naam van die Here onse God".

—Nie op strydwaens en perde nie;

—nie op beskawing en wetenskap nie;

—nie op kuns en kultuur nie;

—nie op onsself nie, maar op die Naam van die Here onse God. In Sy Naam is die sekerheid van ons voortbestaan.fl Met Hom leef en stry ons in die geloof en sien ons, verby die sonde, die dood en die hel, ons Saligmaker en Verlosser Christus.

L. S. v.d. V.

## *Van S.R.- Weë*

**Dit is vir my 'n baie aangename taak om namens die Studenteraad in hierdie laaste „Wapad" van hierdie jaar 'n paar woorde aan persone, komitees, verenigings en spanne en in die besonder aan elke student in ons Studentegemeenskap te rig.**

### *GELUKWENSINGS:*

Die Theos-voetbalspan word hartlik gelukgewens met hulle verowering van die Neser- en Blainebekers. Hiermee het u bewys dat u nie alleen die eerste Voetbalspan van ons inrigting is nie, maar inderdaad ook die eerste in Wes-Transvaal. Baie mooi! Ons is trots op u!

Ook ons dames staan nie agter nie. Aan die eerste Korfbalspan wil ons sê: Met u verowerings van die Oswald Fieldskild en die Suid-Transvaalbeker is u nog steeds op pad om ons naam hoog te hou. Hou so aan!

Die Krieketklub het die seisoen pragtig afgesit en ons wil hulle gelukwens met die oorwinnings wat reeds op die kerfstok pryk.

Die Jukskeispanne het hierdie seisoen alreeds mooi presteer en ook aan hulle bring ons ons hartlike gelukwensings oor.

Hiermee wil ons ook 'n woord van hartlike gelukwensing rig aan Mnr. J. Ligthelm en Mej. T. Struwig met die toekenning van die Raadsmedalje aan elk van hulle as blyk van waardering vir die dienste wat hulle aan die Studentegemeenskap gedurende 1952 gelewer het. Die medaljes sal op 28 November met diplomadag ontvang word.

Ook in die liefdeslewe het 'n paar van ons studente oorgegaan tot groot dade. Mnr. Willie du Plessis, Jaap Helberg en Pieter van Jaarsveld word gelukgewens met hulle onderskeie verlowings!

### *BEDANKINGS:*

Van S.R.-weë wil ons ons opregte dank betuig aan die Geselligheidskomitee van 1952 wat onder leiding van Mnr. P. C. Kruger die S.S.B.-geselligheid so skitterend laat afloop het. Ons waardeer die arbeid en onvermoeide opofferings en wens u geluk met u groot sukses.

Die Alabama Studente-Orkes het aan ons Argief 'n stel plate van hul eie opnames geskenk. Hierdie gebaar kan beskou word as 'n erflating van die goeie dienste wat hierdie orkes aan ons Universiteit gelewer het. Baie dankie!

Aan Mnr. P. J. W. Louw en sy redaksie wat nog tot op hierdie tydstip „Die Wapad" laat verskyn, wil die S.R. sy hartlike dank betuig. Ons weet dit het geskied onder groot werksaamhede en eksamendrukte en daarom waardeer ons hulle dienste soveel te meer.

### *BEKENDMAKINGS:*

Die S.R. kan op hierdie tydstip alreeds die volgende sake onder die aandag van die studente bring:

'n Brief van die Studenteraad van die Universiteit Natal (Pietermaritzburg) is ontvang waarin gevra word om nouer samewerking met ons op verskillende gebiede, o.a. sport. Ons kan net hier meld dat Pietermaritzburg buite N.U.S.A.S. staan. Die S.R. sal vroeg in volgende jaar verder op hierdie saak ingaan, en hoop op vrugbare resultate.

Op die onlangse gehoue S.R.-vergadering is die stigting van 'n Swemklub goedgekeur en die konstitusie vir sodanige klub sal stellig vroeg in aanstaande jaar gereed wees sodat ons tot stigting kan oorgaan.

Die moontlike stigting van 'n Sagtebal- en Pluimbalklub word nog deur die S.S.B. ondersoek.

'n Nuwe Hokkiedrag vir die dames wat aanpas by die Nasionale Hokkiedrag is deur die S.R. goedgekeur, maar wag nog op goedkeuring deur die Senaat.

Die S.R. hoop dat die volgende nuwe sportvelde vir 1953 gereed sal wees: 'n Nuwe Hokkieveld met 'n grasblad by die Oude Molen, 'n nuwe Krieketveld op die sportterrein langs die dampad, 'n aantal nuwe Tennisbane en verbeterde Jukskeibane. Op ander besonderhede i.v.m. die sportvelde wag ons nog van die Senaat.

Langs hierdie weg wil ons aan elke Pukkie baie sterkte toewens met die eksamen! Mag u arbeid geseën word. Verder wens ons u 'n aangename vakansie

(Vervolg volgende kolom).

(Vervolg van vorige kolom.).

toe. Aan u wat ons verlaat gee ons 'n handdruk van ware P.U.K.-afskeid. Ons sal u altyd onthou en moenie ons vergeet nie. Aan u wat terugkom sê ons: Rus lekker uit en laat ons volgende jaar weer ons Alma Mater se naam hoog hou!

V. E. d'ASSONVILLE.
(Studenteraadsvoorsitter).

*Die Wapad.*

24 OKTOBER 1952.

*Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.*

## REDAKSIE.

**Hoofredakteur:** P. J. W. Louw.
**Tegn. Adviseurs:** J. A. van Rooy, A. J. R. Vermeulen.
**Verslaggewers:** D. F. Erasmus (Sport); L. Coetzee (Kuns); J. J. Henning (Alg.); F. R. P. de Bruyn (Varia); G. Swanepoel (Fotograaf); Mejj. C. C. Ludolff (Sport); M. V. van Heerden (Varia).
**Administrasie:** J. J. Bekker (Voors..); P. du Plessis, J. Schutte; J. Buys; D. Strydom.

# EENSYDIGHEID EN WARE STUDENTEWEES

Almal staan al midde in die stryd van bloktyd. 'n Laaste harde poging word aangewend om die seël te druk op die afgelope jaar se arbeid. Die vraag is egter of dit werklik so is dat die meerderheid van ons die seël op 'n jaar se arbeid wil plaas en of 'n jaar se roeping in 'n paar weke se tyd uitgeleef wil word! Menige verwensing word nou gehoor en menigeen kla dat hy sy nuwejaarsbesluit om deur die jaar hard te werk, nie ten uitvoer gebring het nie. Aan een of ander aspek het hy teveel aandag gegee gedurende die jaar en die studies is nagelaat.

Die studente-samelewing is maar eenmaal 'n klein wêreldjie wat 'n getroue weerspieëling van die praktyk is, en die praktyk gaan altyd mank aan eensydigheid. Eensydigheid het al deel nie alleen van studentewees, maar van menswees geword. Die wêreldgeskiedenis getuig daarvan: 'n voortdurende deining van reaksie op reaksie kenmerk die verloop van die geskiedenis van elke aspek van die menslike lewe. Dink maar aan die geweldige swaaie wat die pendulum in die tydsverloop in die strominge van die kuns, ekonomie, staatkunde en godsdiens geneem het. Telkens word van die een uiterste van eensydigheid oorgeswaai na die ander. 'n Gebrek aan balans het eie aan die mens geword en die student—ook vandag se student, is geen uitsondering nie. Veel eerder is hy 'n tipiese voorbeeld van sy tyd.

Hierdie gebrek aan balans kom in die studentelewe uit op die wyse waarop hy hom aan sy roeping as student wy. Die een wy hom net aan sy studies—die ander net aan verenigingslewe en 'n derde is reeds so lewensmoeg dat al sy tyd met ontspanning deurgebring word. Watter aspek die eensydige student hom ook aan wy, almal wortel in dieselfde vloek van ons eeu: die egoïsme van die individu. Die student beperk sy religieus-sedelike plig net tot sy eie ek, en kies dan een rigting waarin hy hom die beste kan verheerlik Die populêre keuse is seer sekerlik nie die studies nie. Die keuse val gewoonlik op ontspanning; anders op verenigingslewe waar 'n troontjie vir hom gebied word om op te gaan sit en ingeval dit studies is, is dit omdat sy ego alleen gestreel kan word as hy sy dors na ambisie in „cum laude's" kan versadig.

So gaan die student die praktyk in met die wrange vrugte van 'n eensydige studentelewe. Om hierdie eensydigheid te verhoed, moet jou roeping nie in die vlak bodem van 'n egoïstiese hart wortel nie maar in God, die Roeper tot die roeping. Dit gee 'n mens balans in jou lewe. Aan die hele lewe word 'n ryke inhoud gegee as elkeen hom op die verskillende lewensterreine ten volle uitlewe en sy beskeie talente tot diens, nie van homself nie, maar tot welsyn van almal—tot die eer van God.

Dan sal die begrip **studentelewe,** ook die studie insluit en bloktyd sal nie 'n „vir-die-eerste-keer-sien" wees nie, maar 'n hersiening van 'n jaar se harde arbeid. Dan sal die gesonde en aangename vrugte van ware student-wees aan die einde van die studiejare gepluk word.

T. WEVER

BOEKHANDEL

en

ANTIKWARIAAT

vir al u

Wetenskaplike Boeke

—:o:—

Volkskasgebou

Telefoon 1164.

Kerkstraat 62.

VIR—

Vis, Ertappels, Verversings ens.

WELKOM KAFEE

Von Wielligh-straat 13, POTCHEFSTROOM

*Dis u kafee, Studente*




## Tretchikoff.

Groter skares selfs as die 61,000 wat onlangs Tretchikoff se uitstalling in die Kaap bygewoon het, besoek tans sy uitstalling in Johannesburg.

Hierdie merkwaardige jong kunstenaar se lewensgeskiedenis lees byna soos 'n melodramatiese verdigsel. Dit is egter genoeg as ons hier sê dat hy in Rusland gebore is, en tans 'n Suid-Afrikaanse burger is. Hy het begin verf toe hy 11 jaar oud was, maar het hoegenaamd geen onderrig in die skilderkuns gehad nie. Hy het vir hom 'n styl van sy eie ontwikkel wat hom by die dag gewilder maak. Hoewel hy geweldig veg teen die aanhegging van een of ander -isme aan sy werk, gee hy soms toe aan „simboliese realisme."

Tretchikoff is geen absolute realis wat net klakkelose en onpersoonlike naskilderings van die natuur of een of ander model bied nie, maar hy vervorm ook nooit dinge tot in die absurde soos wat so dikwels met die meer moderne skilders die geval is nie. Sy kuns het 'n onmiskenbare eie karakter, maar daar is ook die broodnodige dialogiese element in. Sy werk spreek tot die publiek ,en dit is wat hy wil hê. Hy sê dat dit baie maklik is om 'n verhaal duister en misties te vertel, maar veel meer waardevol en kragtig om dit eenvoudig en direk te vertel. By die aanskou van hierdie kunstenaar se groot doeke kom mens diep onder die indruk van die waarheid van sy stelling.

Dit was opmerklik om te sien hoe hy, waar hy daagliks besig is om duisende en duisende afdrukke wat verkoop word een vir een te teken, hy tog 'n vriendelike glimlag en woordjie vir elkeen wat met hom praat het.

Tretchikoff staan sonder twyfel voor die deur van wêreldberoemdheid, waar hy eersdaags in Kanada gaan begin met 'n reeks uitstallings in die beroemdste gallerye daar en in die Verenigde State.

## Wilson Barret-geselskap.

Hierdie beroemde buitelandse toneelgeselskap is tans in Johannesburg besig met 'n reeks opvoerings. Daar word met lof van hulle aanbiedings tot dusver gepraat. Jerome se dramatisering van Jane Austin se onsterflike "Pride and Prejudice" aangebied. Onder meer gaan hulle nog "The Hollow," „Charlie's Aunt" en „The Chiltern Hundreds" aanbied.

Hulle leier, Mnr. Wilson Barrett, skryf hulle sukses toe aan die feit dat hulle nooit volgens die beginsel van "sterre" wat hoofrolle vertolk werk nie, maar dat alle spelers as ewe-belangrike kunstenaars beskou word, wat maar net langer of korter rolle, volgens die vereiste van die stuk speel.

## Gif en Oujongnooiens.

Eindelik het Thalia die Potchefstroomse publiek ook 'n kans gegee om hulle opspraakwekkende aanbieding, 'n vertaling van „Arsenic and Old Lace", te sien. In ag geneem dat die spelers almal amateurs is, kan hulle gelukgewens word met die „vertolking" van die klug; en hier moet 'n mens darem die name noem van spelers soos die twee oujongnooiens (Edna Kruger en Linda du Toit), die twee skurke (Leon van Gass en veral Karel Lohann as die senuweeagtige ou doktertjie), en Alwyn du Plessis as die mal Teddy Brewster.

Om nou ongelukkig by die skadusy te kom: kan daar nie in die toekoms iemand aangestel word om ook na die keuse van die stuk om te sien, soos die keurders na die aanbieding daarvan nie? want, of dit nou in 'n klug is of nie, daar is werklik 'n oudheidens—barbaarse opvatting oor die waarde van 'n menselewe verkondig, en min toeskouers het gehou van soiets: /

„Waar ek met jou uitgaan, moet my pa eers vir my bid!" Sou hierdie stuk aan die verwagtings voldoen, aan die eise wat die publiek waar die geselskap sou toer, aan 'n toneelgroep van die P.U. vir C.H.O. sou stel?!!

Nietemin, dankie Thalia, vir die groot bedrag wat julle vir die tuberkulosefonds ingesamel het.

*DAMES, BESOEK*

LE CHARME

DIE MODERNE DAMES MODESAAK.

NYLON-KOUSE EN FYN EN BRUIKSAME ONDERKLERE

'n besondere aantreklikheid. Ons rokke is „duur," maar laag van prys. Vertoon u registrasiebewys en verkry

10% korting op alle inkope.

# Ou Hoofstad Vier Krugerdag

**„Dat Vrije Volk zijn Wij" was die alombekende volkslied wat op die langnaweek van 10 Oktober deur die ou hoofstad van Transvaal weergalm het. Dit was 'n treffende fees, die grootste heldefees wat Potchefstroom in heugenis gevier het.**

Op die feesterrein was Prof. S. du Toit aan die woord. Hy het aangetoon dat die Anglo Boereoorlog maar slegs 'n ketting was in die stryd van die Afrikaner. Nog steeds stry ons, al het die stryd oorgegaan teen gronderosie, kulturele, stedelike en godsdienstige ondergang.

Groot waardering vir hulle offers op die slagveld is aan die Boere gebring deur kol. I. Meyer. Ds. Barrish het hulde gebring aan die gees van volharding waarmee die Afrikanervrou besiel was.

### KRANSLEGGING.

In die optog van die Kampkerkhof was die groepie oudstryders op die Hendrik Potgieter-Eeufeeswa middelpunt van belangstelling. Tussen die grysaards is die volgende persone opgemerk: Oom Gabriel Herholdt van Genl. de Wet se kommando, Jan Grobler, 'n vegter onder Genl. De la Rey, oom Gysbert Liebenberg, tans 92 jaar oud en 'n Kaapse rebel, oom Georg van der Berg, wat op die eerste dag van die oorlog gevang is en eers in 1903 vrygelaat is, Oom Chris du Plessis wat in Ceylon drie maande harde arbeid gekry het omdat hy geweier het om te sê dat hy sou gelieg het.

Kranse is gelê deur verteenwoordigers van die Oudstryders, oudstryder-moeders, S.A.V.F., die Voortrekkers en die Skakelkomitee.

### MOET STRYD VOORTSIT.

**In sy besielende boodskap aan die jeug het oom Piet van Tonder, voorsitter van die Oudstryderskomitee, klem gelê op die taak van die jeug. Hulle moet die stryd wat met soveel opoffering en smart tot hier gevoer is, met nog groter opoffering en sonder verslapping verder voer.**

**'n Pleitrede vir die handhawing en suiwer spreek van ons taal is deur mnr. F. Badenhorst gelewer.**

### DR. JAN STEYN (L.V.)

Die hoogtepunt van die feesvierings was die rede van Dr. Steyn in die stadsaal. Omdat hulle anders was as ander koloniste het die Trekkers noordwaarts beweeg, aldus Dr. Steyn. Teen die agtergrond van hierdie gedagte van andersheid en 'n strewe na 'n volk en staat het hy die gang van die godsdiens ontleed.

### JEUG SWAK VERTEENWOORDIG.

**Sang,- musiek- en voordragitems het deel gevorm van die program, asmede 'n historiese voorstelling. Dit is egter jammer dat so 'n klein getal jongmense teenwoordig was, veral aangesien daar soveel klem gelê is op die rol van die jeug in ons volkslewe.**

PLAZA

TEEKAMER

Foon 249 Kerkstraat 105

POTCHEFSTROOM.

Studente !

U word beskou as eregaste in die

• PLAZA •

en daarom kan u spesiale verlaagde tariewe verwag.

W. J. GROBBELAAR,

Mans- en Dames-Haarkapper

Kerkstraat 97. Foon 330.

Probeer ons beroemde

JAMAL MASJIENLOOS PERM

Bekwame Mans-afdeling.

Sigarette en Fantasie Goedere.

J. TOD SUTTIE

KOMPLETE

Mans-uitrusters

vir al u

KLERASIE EN ANDER BENODIGDHEDE.

127 Kerkstraat,

Posbus 219 Foon 1

POTCHEFSTROOM

ED. L. OOMS,

N.S.T.O., N.V.V.O. (Ned.)

OOGKUNDIGE

BRILSPESIALITEIT

OË-TOETS OP WETENSKAPLIKE GRONDSLAG.

KERKSTRAAT 129

(Nasionale Bank-gebou)

Foon 980.

EIE OPTIESE SLYPERY.

Depôt: Carlzeiss-Jena.

P. W. BUYS

U verteenwoordiger van

REMBRANDT.

Kockstraat 28. Telefoon 897,

POTCHEFSTROOM.



## EERSTE VOETBALSPAN 1952.
Wenners van die Blaine- en Neserbekers.




**Agter, v.l.n.r.:** J. Steyn, A. Vellema, J. Claassen, P. Pelser, J. Hurter.
**2de r, v.l.n.r.:** N. Snyman, V. Visser, S. P. Lombard, J. Dreyer, O. Rautenbach, O. Goossen.
**Sittende, v.l.n.r.:** J. Prinsloo (O/Kapt.), Prof. A. P. Goossens (afrigter), J. Styger (Kapt.), Mnr. S. du Toit (Ere-pres.), Dr. I. Fourie (Voors.).
**Voor, v.l.n.r.:** H. Muller, B. Brink. Foto: Beyers Claassen.

# Mev. de Klerk Verlaat Ons

**Verlede Dinsdagaand is van Mev. A. M. de Klerk, koshuismoeder van De Klerkhuis, formeel afskeid geneem by wyse van 'n dinee. „Dit is onmoontlik om de Klerkhuis sonder tant Annie te dink", het een van die gereelde mansbesoekers van die dames-koshuis, verklaar.**

### LANKAL.

Mev. de Klerk dien al lank as huismoeder en het omtrent sedert die bestaan van die koshuis diens gedoen as moeder van die Puk se „dogters". In hierdie tyd het die mans met tant Annie kennisgemaak as 'n streng en tog regverdige persoon. Veral was sy daarop gesteld dat 'n besoeker nie buitenstye sy opwagting daar moet maak nie.

### GESONDHEIDSREDES.

Dit is om gesondheidsredes wat mev. de Klerk uit ons midde vertrek. Vir die afgelope tyd was sy dikwels in die bed gewees en op hierdie stadium het die menigvuldige verpligtinge alreeds haar gesondheid ondermyn.

In 'n onderhoud met mev. de Klerk het sy verklaar dat sy inderdaad nie gemaklik van die studente afskeid neem nie. Sy het al in 'n sekere mate haar gebind aan die jong klomp en dis met gemengde gevoelens wat sy ons verlaat.

Mev. de Klerk is van voorneme om haar by haar suster mev. Prof. Postma te gaan vestig.

### STERKTE.

**„Baie dankie vir al die vriendelikheid in die verlede en sterkte vir die toekoms! Mag u rus aangenaam wees!" is die wens van elke student wat met u kennis gemaak het in die verloop van die tyd.**

## WYSGERE STIG VERENIGING.

Verlede Dinsdagmiddag het die studente wat in Wysbegeerte belangstel, byeengekom en die ou Wysgerige Vereniging herstig.

Tot onlangs het 'n bloeiende wysgerige vereniging hier bestaan, maar is ontbind met die oog op die moontlike stigting van die S.A.V. (Sentrale Akademiese Vereniging).

Omdat die S.A.V. nooit tot stigting gekom het nie het die wysbegeerte entoesiaste besluit om weereens hul vereniging te stig.

### VOORSITTER.

Mnr. P. G. W. du Plessis, die pas gekose voorsitter is self goed onderlê in filosofie en koester hoë ideale vir die vereniging. Die vereniging stel hom nie alleen op 'n Christelike grondslag nie maar stel hom ook ten doel om hom vir die Christelike filosofie te beywer.

### MIDDELE.

Die middele wat die vereniging gaan gebruik om sy beginsels te propageer sal in die eerste plek vergaderings met akademiese lesings wees en die vereniging het hom selfs noual verstout om 'n publikasie in die oog te hou.

Die bestuur is as volg saamgestel:

**Voors.:** P. G. W. du Plessis;
**O/Voors.:** L. H. Stavast;
**Sekr.:** D. F. Erasmus (jnr.);
**Penningm.:** Tj. v.d. Walt en
**Add. lid.:** I. C. J. Minnaar.

## S.R. Komitees

**VREUGDEDAG:**
Leier: Mnr. W. P. van der Linde.
Onderleier: Mnr. R. W. Impey.
Sekr.: Mnr. M. J. Strydom.
Pgm.: Mnr. J. J. Bekker.
Add. lede: Mejj. C. Bosman, R. Oosthuisen en I. van der Walt.

**GESELLIGHEIDS-KOMITEE:**
Voors.: Mnr. J. S. K. Bosman
Sekr.: Mnr. I. C. J. Minnaar.
Pgm.: Mnr. J. H. van Niekerk, Jnr.
Add. lede: Mejj. S. Erasmus, R. Oosthuisen, M. E. du Plessis, A. Horn en E. du Preez; Mnre. P. Pelser, S. P. Lombard, D. J. Putter, Jnr. en W. van der Ahee.

**DIE WAPAD:**
Hoofred.: Mnr. D. F. Erasmus, Jnr.
Sakebest.: Mnr. W. J. Sevenster.

**DIE PUKKIE:**
Hoofred: Mnr. D. F. Erasmus (snr.)
Sakebest.: Mnr. J. H. Buys.

**DIE BESEMBOS:**
Hoofred.: Mnr. P. J. W. Louw.
Sakebest.: Mnr. D. van der Spuy.

**ARGIEF:**
Hoofargivaris: Mnr. J. J. Lombard.
Hulpargivaris: Mnr. J. A. van der Walt.

Die verdere aanstellings sal in die loop van die jaar op die betrokke bogenoemde liggame gemaak word of is reeds in sommige gevalle gemaak en sal later bekendgestel word.

Ons hartlike gelukwensinge aan u almal! Mag u vrugbaar arbei en altyd u beste dienste aan ons Unversiteit en ons Studentegemeenskap lewer!

V. E. d'ASSONVILLE,
(S.R. Voors.)

ONS VERSKAF DIE VOLGENDE P.U.-KLEURE:

- Kleurbaadjies
  - (a) KLAARGEMAAK .... .... £8/5/0
  - (b) SNYERSMAAK .... .... .... £9/7/6
- Voetbaltruie
- Voetbalkouse
- Alle Sportbenodigdhede

U IS ALTYD WELKOM BY ONS.

UNIE-WINKELS BPK.
Foon 22-4746. Kerkstraat 45a,
JOHANNESBURG

LUCILLE DIE ROK SPESIALIS
Altyd eerste met die Jongste.
Foon 62.
Kerkstraat 146,
POTCHEFSTROOM.

BULT FIETS en SKOEN REPARASIEWINKEL
VIR BESTE DIENSTE.
Von Wiellighstraat 7,
POTCHEFSTROOM.

EXCELSIOR MEUBELS
Kerkstraat 132. Foon 743.
POTCHEFSTROOM.

Met genoeë nooi ons die Studente uit om die enigste moderne MEUBELWINKEL IN WES-TRANSVAAL te kom besigtig.

Dit sal vir u 'n plesier wees om deur ons vertoonlokaal te wandel.

C. VAN DER MERWE
Kerkstraat 93,
POTCHEFSTROOM.
Waarom sal jy loop as jy kan ry?
('n Vraag van Frikkie Fietsryer aan Fanie Voetganger).
Bespaar
TYD, KRAGTE EN SKOENE
deur
'n Fiets aan te skaf.

CLASSIQUE MODES
Steeds die
DEFTIGSTE MODESALON
van Potchefstroom.

ELKE DAG VARS!
TURKSTRA SE BAKKERY
BROOD en alle KOEKSOORTE
Raadpleeg ons vir
BRUIDSKOEKE

Studente!!!
Vir al u
HANDBOEKE,
SKRYFBENODIGDHEDE,
LEERTASSE,
GESKENKE, ENS.
besoek ons en wees verseker van goeie diens.
UNIE-BOEKHANDEL
(Edms.) Bpk.
KERKSTRAAT 90.
Foon 497.

# POTCHEFSTROOM

PROEFPLAAS




TONELE BY DAM.



SPEELTERREIN BY PARK.



GHOLF-TERREIN.



CORNER FRUIT STORE

★

*„JULLE KEN ONS”*

★

Dames en Here!

Besoek vir nette behandeling

„DIE BULT HAARKAPPERS”

Foon 1486.

GILFILLAN EN STROH

POTCHEFSTROOM.

FIETSE EN FIETSREPARASIES

# KRIEKETSPAN MAAK AMOK

## v.d. Heever vat 6 paaltjies vir 7

**Te oordele aan die gehalte van spel wat ons krieketspan in hulle eerste twee ligawedstryde gelewer het wil dit voorkom of Hauptfleisch en sy manne reeds deeglik hulle voete gevind het. Dit skyn dus asof die pessimisme wat daar geheers het onder die krieketgeesdriftiges veral wat die wedstryd teen Western Reefs betref, sonder enige grond was.**

### Van der Heever.

Met sy huidige vorm kan H. Muller sonder veel moeite weer vir hom naam gaan maak op provinsiale gebied. Hy is reeds goed op pad daarheen. 'n Speler wat egter verbaas is die nuweling Van der Heever. Hy het hierdie seisoen erns begin maak van krieket. Hoewel sy boulwerk nie altyd uitstaande is nie, slaag hy tog daarin om sy teenstanders kort-kort op die verkeerde voet te vang en die penne te spalk. Sy aflewerings plant hy soms te wyd aan die wegkant. Maar met 'n bietjie meer raad en bystand gaan hy ongetwyfeld nog groot skade aanrig onder die Wes-Transvaalse kolwers.

**Die wedstryd teen Babrosco het op 'n puik oorwinning vir die Pukke ge-eindig. Nadat hulle almal vir die skrale telling van 49 uitgeknikker is het Hauptfleisch (26) en Potgieter (20) vir P.U.K. 46 lopies opgeslaan met 5 ekstras. Puk wen met 10 paaltjies.**

### WESTERN REEFS AFGEMAAI

Hierdie wedstryd was 'n klug. Western Reefs wat beskou word as een van die sterkere spanne in die liga, kon met die 7 paaltjies nie 'n enkele lopie behaal nie. Almal was van die baan vir vyftien lopies. Hier was dit Van der Heever wat verwoesting gesaai het en grootliks verantwoordelik was dat daar slegs sewe lopies teen hom aangeteken vir 6 paaltjies. Western Reefs almal uit vir 15.

P.U.

**Hauptueisch n.u.n. 7 lopies.**

**C. Coetzee 2, Potgieter 2 en Van Biljon n.u.n. 4.**

**...P.U.K. wen met 8 paaltjies.**

More durf Puk vir Garnisoen aan op laasgenoemde se veld. Die wedstryd beloof om besonder interessant te verloop. Garnisoen sal sorg dat die Pukke sweet en in hierdie wedstryd sal 'n mens wel 'n veilige gevolgtrekking kan maak hoe sterk ons span is. Indien Puk se boulwerk weer so knap is, gaan die soldate beslis les opsê, maar dis geen uitgemaakte saak wie hierdie kragmeting gaan wen nie.

## DIE SKEIE KLAP

**Met die onlangse toernooi op Parys het die Pukke die skeimense gewys hoe 'n man jukskei moet speel toe hulle tweede ge-eindig het.**

**Ondanks 'n geweldige wind wat vragte sand in die Pukke se oë gewaai het deel Pottie, ons jukskeikaptein, mee dat sy mense besonder knap gespeel het. Die span het nege van hulle 12 wedstryde gewen. Hierdie prestasie is sommer waffers as in aanmerking geneem word dat nie minder as 40 spanne die saamtrek bygewoon het nie.**

**Ondersteun 'n Oud-P.U.Kaner**

**J. P. V.D. WALT,**

**L.F.V.**

**KERKSTRAAT 111**

**(Langs Ackermans)**

Foon 929,

**POTCHEFSTROOM.**

**Ek voorsien ALLES wat van 'n Apteek verlang word.**

**KOM SIEN ONS—**

vir u

Fotografiese- en Aptekersbenodigdhede

GEEN & VELLEMAN,

**KING EDWARDSTRAAT, POTCHEFSTROOM.**

**STUDENTE ONTHOU!**

CACHET STASIE TEEKAMER

vir Heerlike

**Warm Vleispasteitjies, Lekkers, Sigarette, Vars Vrugte, Yskoue Koeldranke, Koffie, Tee en Allerhande ander Lekkernye.**

Oop daagliks van 9 vm. tot 9 nm.

'n Besoekie sal jou oortuig!

# *THEOS SPEEL WES-TVL. DISNIS, BLAINE EN NESER VEROWER*

## *„Styger was 'n Knap Kaptein"*

*—Prof. Goossens*

**Toe die Blaine- en Neserbekers op die S.S.B.-geselligheid aan Theos. oorhandig is, het Prof. Goossens as breier groot lof toegeswaai aan Styger. „Styger was 'n knap kaptein. Nie alleen was hy 'n man wat sy span aangespreek het op die veld nie, maar hy het met sy harde spel 'n pragtige voorbeeld aan sy manne gestel om hulle aan te spoor".**

Om indiwidue uit te sonder sou nie regverdig wees nie. Die hele span het met elke wedstryd alles in die stryd gewerp. Niks en niemand is ontsien, solank die Pukke hulle opponente in die kwartgebied kon vaspen nie. Tog kan 'n mens nie help om Styger se skitterende haakwerk te loof nie. Die ondersteuning wat hy van sy voorspelers verkry het, het hom instaat gestel om menige teenstander na 'n beginner te laat lyk.

In die lynstane was dit **Prinsloo** en **Claassen** wat altyd die oog gevang het. Beide hierdie slotte het 'n leeue-aandeel in Theos se sukses gehad en niemand sou dit betwis nie.

In die agterspel het **Blom** teen die einde van die seisoen ewe skileik opgeduik. Sy besliste lopies langs die kantlyn af was 'n lus om te aanskou. Op heelagter was **Muller** vanwee beserings nie deurgaans oortuigend nie. Tog het hy 'n paar veilige vertonings gelewer. **Ben Brink** op skrumskakel het op 'n kritieke stadium bevordering na die 1e span gekry, dog so oortuigend vertoon dat hy vir die res van die seisoen Theos gespeel het.

In sy geheel het die span goeie samespel openbaar met vinnige rugby. Beide bekers het hulle dubbel en dwars verdien.

### WYSHEDE UIT HEIMAT:

As **Kokot** se meisie „Tap-dancing" doen, waai hy haar met sy ore koud.

* * *

Toe **Diep Doep** by sy meisie op die plaas gekuier het, vra Skoonpa hom om 'n skaap te slag. Arme Doep soek hom toe dood na die slagpale.

* * *

**Marassas:** „Die enigste werk wat 'n boer het, is om in die môre sy varke wakker te maak".

* * *

Daar is net twee Donkies op P.U., **Donkie Pienaar** is altwee.

## *BLOKTYD IS HIER!*




# SAGTEBALKLUB IN VOORUITSIG

Op 'n onlangse vergadering het dit geblyk dat die dames entoesiasties vooruitsien na die erkenning van 'n sagtebalklub op die Universiteit. Die entoesiasme loop hoog en 'n groot aantal dames stel belang. Verwag word dat die S.R. eersdaag sal reageer op versoek om die bestaan van so'n klub toe te laat.

Ongelukkig is daar net 'n paar sagtebalklubs in Wes-Transvaal. Dit sal meebring dat daar aanvanklik nie baie wedstryde gespeel sal word nie. Maar laasgenoemde argument besit nie veel krag nie, aangesien ons verneem dat nog 'n paar sentra op Potchefstroom dit tans sterk oorweeg om tot stigting van sagtebalklubs oor te gaan.

Indien 'n klub op die Universiteit gestig word, het mej. A. Kriel haar bereidwillig verklaar om te help met die organisasie en afrigting daarvan.

PARKER EN KIE

**(EDMS.) BEPERK**

Algemene Handelaars in Ysterware

**Foon 30 Bus 245**

**POTCHEFSTROOM.**

**Besproeiings-masjinerie en Toerusting voorsien en opgerig.**

Werk gewaarborg.

**Plaasimplemente en onderdele. Gereedskap vir vakmanne.**

Wapens en Ammunisie, Visgereedskap, Kombuisgereedskap, ens. ens.

Gedruk deur Die Westelike Stem, Posbus 15 , Potchefstroom.

**Beter Tabak ***

**maak Beter Sigarette**




**Kommando**

**Suid-Afrika se**

**gewildste sigaret**

* *Die Vervaardigers van Kommando is die grootste verbruikers van Suid-Afrika se eerstegraadse tabak.*

GI-3070